

ST. GERMANUS VAN PARYS

28 MEI

(496 - 576)

Hy is in Autun in Frankryk gebore waar hy later ab van die plaaslike abdy geword het. Childebert I, die koning van die Franke, kies hom in 555 om aartsbiskop van Parys te word. Hy word 'n belangrike figuur en oefen 'n groot invloed uit op die koninklike hof en daardeur op die res van die Frankiese stamgebied. Hy huiwer ook nie om konings en edelmanne aan te spreek waar hul gedrag nie ooreenstem met die waarheid van die Evangelie nie. Hy het 'n besondere voorliefde vir die armes en behoeftiges gehad in 'n tyd toe hulle dikwels onmenslik behandel is. Hy is begrawe in die bekende kerk van Saint-Germain-des-Prés, wat tot sy eer opgerig is.

